



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

Agtergrond:

Na die bekendstelling van die Taaltaakgroep se konsep hersiene Taalbeleid op 16 Oktober is geleentheid tot en met 1 November 2007 gegee vir terugvoer en kommentaar. Reaksie en kommentaar is vanuit 'n wye spektrum van rolspelers en belanghebbendes ontvang. 'n Totaal van 46 skriftelike response is van sowel individue as groepe ontvang, insluitend:

- 3 voorleggings van Raadslede
- 1 voorlegging van die UK van die Konvokasie
- 2 voorleggings van studente
- 3 voorleggings van eksterne persone
- 6 voorleggings van steundienspersoneel
- 31 voorleggings van akademici en groepe van akademici (bv. akademiese departemente)..

Meer as 100 persone het insette gelewer.

Daar is kennis geneem van hierdie kommentaar, en van die ernstige verdeeldheid wat gesprek het uit die insette van verskillende individue en belangegroepes. Die kommentaar van akademici was besonder krities, indringend en omvattend. Inaggenome die groot verskille in uitgangspunte en menings het die Bestuur geoordeel dat die voortsetting van die proses vir die oorweging en goedkeuring van die hersiene Taalbeleid 'n risiko vir die US inhou, veral in die lig van die beplande herposisionering en opratting van die Universiteit. Daar is ook kennis geneem van die resultate van die voorlopige Schlemmer-verslag na die ervaring van US-studente van die taalbeleid, wat by die Raadsgesprek van 10 November 2007 bekendgestel is. Na deeglike oorweging van alle insette het die Bestuur die volgende aanbevelings aan die Raad voorgele op 16 November 2007:

Aanbevelings:

1. Dat die Taaltaakspan se werk as afgehandel beskou word, en dat hulle bedank word vir die goeie werk wat hulle oor 'n lang tyd en met groot persoonlike en professionele opoffering gedoen het.
2. Dat die Raad nie die voorgestelde gewysigde Taalbeleid (konsep 2) ter tafel neem vir oorweging en besluitneming nie.
3. Dat die huidige Taalbeleid onveranderd behou word.
4. Dat die huidige Taalplan behou word met die volgende toevoegings:
 - 4.1 Die aanvaarding van die A&E-taalspesifikasie (parallel-mediumonderrig) as 'n lewensvatbare opsie wat, waar dit akademies haalbaar en verantwoordbaar, en bekostigbaar is, aangemoedig word. Die A&E-taalspesifikasie kan, soos die A-spesifikasie, sonder motivering benut word.
 - 4.2 Die beskikbaarstelling van onderrigleermateriaal (handboeke uitgesluit) in Afrikaans en Engels vir alle taalspesifikasies, soos bekostigbaar.

- 4.3 Verdere ondersoek na en inbring van die innoverende gebruik van taaltegnologie (waaronder tolking) om meertaligheid te bevorder.
 - 4.4 Die voorsitterskap van die Taalkomitee word deur 'n lid van die Rektor se bestuurspan beklee.
 - 4.5 Die Taalkomitee kry onder andere die spesifieke opdrag om 'n taalbevorderingsplan vir Afrikaans te ontwikkel.
 - 4.6 Studenteklagtes oor die implementering van die Taalbeleid word via die ABR deur dekane hanteer.
- 5. Dat die Raad fondse bewillig vir die implementering van die Taalbeleid en Taalplan as deel van die OSP-befondsingsplan.
 - 6. Dat voorstelle vir die implementering van die Taalplan in fakulteite ingesluit sal word in dekane se normale jaarlikse fakulteitsbeplanning (sakeplanne) wat aan die Bestuur voorgelê word vir bespreking en goedkeuring. Monitering van die implementering sal geskied volgens normale bestuurstrukture en gehalteversekeringsmeganismes in fakulteite.
 - 7. Die Bestuur sal een maal per jaar ten opsigte van die implementering van die Taalplan via die Taalkomitee aan die Senaat en die Raad verslag doen.